



Die Skietlood

UITGAWE 254

11 SEPTEMBER 2026

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* verteenwoordig nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

Heidelbergse kategismus

DIE TWEDE DEEL: DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)

SONDAG 6

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.

Vraag 18 kommentaar vervolg:

Die teologie rakende die persoon van die Middelaar speel af binne 'n besondere konteks. Die Middelaar versoen volgens die Skrif mens met God op 'n besondere manier. Die versoening tussen God en mens het 'n spesifieke verwysingsraamwerk en dit is die VERBOND. Die leerstuk oor die verbond en verbondsteologie is nou verbind aan die leerstuk rakende die Middelaar. Die vraag ontstaan dan na die aard van die verbond, die moontlikheid van verbond sonder Middelaar en eindelijk die vraag na die getal van die verbond – een of meer. In welke mate stem die ou verbond en die nuwe verbond ooreen (indien enigsins)? Waar verskil hulle (indien enigsins)?

Ursinus stel 'n algemene definisie van "verbond" voor. Dit blyk 'n goeie beginpunt te wees vir nadenke oor die verbond. Vry vertaal: "*'n Verbond is 'n wedersydse kontrak of ooreenkoms tussen twee partye. In die ooreenkoms verbind die een party homself tot die ander party. Hierdie is om 'n verbintenis/ooreenkoms te bereik deur iets te gee of te ontvang teen die agtergrond van sekere voorwaardes. Dit gaan gepaard met sekere uiterlike (sigbare) tekens en simbole wat formeel die aard en onbreekbaarheid van die ooreenkoms uitbeeld.*"

Uit hierdie definisie kan ons nou in die huidige konteks die verbond beskryf as die belofte en

ooreenkoms tussen God en die mens. Hierdie verbond kan vanuit twee perspektiewe beskryf word: Aan die een kant gee God aan die mens die versekering dat Hy genade sal bewys, sonde sal vergewe, die mens die nuwe geregtigheid sal toereken, Sy Heilige Gees aan die mens sal gee en die mens die toegang tot die ewige lewe sal verleen deur Sy Seun, ons Middelaar.

Aan die ander kant verbind die mens in die verbond homself tot God en belowe om berou vir sonde te wys, geloof te bely en te strewe na ware geloof sodat die mens deur geloof uit te leef gehoorsaamheid kan toon wat vir God aanvaarbaar is. Hierdie wedersydse ooreenkoms se sigbare tekens, soos die sakramente, wat ons aan God verbind.

Die belangrike term nou verwant aan die verbond is "testament". 'n Testament is die dokument waarin die laaste wense van die testateur verwoord word in terme van wat by sy afsterwe met sy besittings moet gebeur. In die Skrif word testament en verbond in dieselfde manier gebruik om die aard van die verbond met God meer duidelik te maak. Beide terme verwys na versoening met God en die wedersydse ooreenkoms wat daar bestaan.

Hierdie ooreenkoms word "verbond" genoem omdat God aan ons sekere seëninge belowe terwyl Hy gehoorsaamheid vereis, soos deur ons bevestig tydens sekere seremonies. Hierdie versoening word ook "testament" genoem omdat Jesus met Sy dood (as testateur) hierdie ooreenkoms bekragtig het. Die sleutelteks tot die regte verstaan van hierdie saak lui as volg; Hebreërs 9:15-18 "*Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. Dit is soos met 'n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is, want 'n*



testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie. Daarom is die eerste verbond ook nie sonder bloed ingestel nie”.

Hierdie verbond tussen God en mens lyk op die oog af na ‘n saak van onmoontlikheid. Die mens is as sondaar God se teenparty (al is die mens ook swak en sterflik) en kan nie met God versoen word nie, tensy ‘n Middelaar optree. God se geregtigheid maak dit ook nie moontlik is nie vir die mens om sonder Middelaar met God versoen te wees. Dit is net deur die dood van die Middelaar dat die versoening moontlik geword het – vandaar verbond en testament.

Is die feit dat ons praat van Ou Testament en Nuwe Testament dan aanduiding van meer as een verbond? Die antwoord daarop is ja-nee. Dit is een Verbond in substansie; God se versoening met ons is net onder sekere omstandighede en spesifieke voorwaardes. Dit is twee in omstandighede – waar die eerste onlosmaaklik aan die tweede verbind is.

Die verbond is een in substansie omdat daar net een God is, een Middelaar is, net een weg tot saligheid is. In die ou verbond word hierdie Middelaar belowe en in die nuwe verbond kom Hy duidelik na vore. God se optrede is vry van enige innerlike teenstrydigheid – een substansie. Jesus se belofte en Jesus se koms is aan mekaar verbind deur dieselfde boodskap inhoudelik; die vergifnis van sonde en die gawe van genade.

Die omstandighede van Ou Testament en Nuwe Testament verskil van mekaar, die Ou Verbond berei die pad, maak die beloftes duidelik. Die Nuwe Verbond vertel van al hierdie voorbereiding wat op sukses uitloop, vertel van die versoening wat finaal bewerkstellig is in die Middelaar. Die eerste beloftes is vaag en wys na die toekoms, die beloftes gestand gedoen, is duidelik en in die hede. Dit is soos die verskil tussen skadu-bestaan en lewe in die Lig.

Die belofte van genade is net buite direkte bereik van mense wat in die Ou Verbond gelewe het. God se genade is direkte werklikheid vir hulle wat in die Nuwe verbond lewe. Die praktiese tekens van die Ou – en Nuwe Verbond verskil van mekaar; Pasga, besnydenis, herhaalde offers staan teenoor die Doop en Nagmaal as tekens om hierdie een Verbond aan te dui.

Die grootste verskil in terme van omstandigheid is in terme van tyd. Die beloftes was altyd tydelik, het altyd gemik na die vervulling. Die vervulling van die beloftes is ewig en standhoudend. Net so beperkend soos die Ou Verbond was in terme van bevoorregtes, net so uitgebreid is die Nuwe Verbond. Die Ou Verbond was gekoppel aan Abraham se nasate vir die tyd voor die koms van die Messias, terwyl die Nuwe Verbond vir al God se kinders (gelowiges) is, vir alle tye – tot en met die wederkoms.

(HK-reeks deur Dr. Johan Otto)